# Hoofstuk van die dag: Esegiël 8

> *Hulle dink: die Here sien ons nie, Hy is nie meer in die land nie. (Eseg 8:12)*

Die visioen wat Esegiël sien, laat jou hare rys. Die leiers van die volk (vers 11), die vroue (vers 13), die priesters

(vers 16), almal is besig om God op die gruwelikste wyse te verloën en te laster. Die rede? Hulle dink God is afwesig (vers 12; vgl Ps 10:11 en 94:7). Daarom het hulle finaal van Hom afskeid geneem en hulle na ander gode gewend.

Dis nie net 'n antieke Joodse verskynsel nie. Vandag nog draai mense van die Here weg en probeer Oosterse godsdienste, of neem afskeid van geloof.

Dis menslik om in krisistye te begin vrae vra oor God en geloof. Dan moet jy nie te gou wees om ander "oplossings" te soek of op te gee op God nie. Maak tyd om na te dink oor die Here se pad met jou, soos die digter in Klaagl 3:21 (wat terloops ook uit die Ballingskapstyd kom). Jy kan gerus Klaagl 3:18-33 lees.

As jy fokus op jou ellende, is jy in 'n doodloopstraat (Klaagl 3:18-20). Dan beleef jy 'n afwesige God. Maar as jy dieper kyk, sal jy besef dat die Here nog altyd by jou is (Klaagl 3:24).

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026